# Graad 10-12

HOËRSKOOL DF MALAN

# Vakkeuses

# Die volgende vakke is verpligtend vir leerders in graad 10 - 12

- Afrikaans Huistaal
- English Home Language or First Additional Language (bl.3)
- Lewensoriëntering
- Wiskunde of Wiskundige Geletterheid (bl.4)

# Leerders moet ook enige drie vakke kies uit die volgende:

- Fisiese Wetenskap (bl.5)
- Lewenswetenskap (bl.5)
- Geskiedenis (bl.6)
- Geografie (bl.6)
- Toerisme (bl.7)
- Verbruikerstudie (bl.7)
- Ingenieursgrafika en ontwerp (bl.8)
- Rekenaartoepassingstegnologie (bl.9)
- Inligtingstegnologie (bl.9)
- Ekonomie (bl.10)
- Rekeningkunde (bl.10)
- Besigheidstudies (bl.10)
- Visuele Kunste (bl.11)
- Ontwerpkuns (bl.11)
- Musiek (bl.12)
- Drama (bl.12)
- Duits (bl.13)
- isiXhosa (bl.13)

# Vakveranderings

Gr.10: Hoogstens twee vakveranderings word voor 30 Junie toegelaat.

Gr.11: Hoogstens twee vakveranderings word voor 31 Maart toegelaat. In uitsonderlike gevalle kan 'n leerder een addisionele vak in graad 11 verander nadat sy/haar eindeksamenpunt vir graad 11 bekend gemaak is. Hierdie vakverandering moet voor 15 Desember van die graad 11-jaar gedoen word.

Gr.12: Geen vakverandering word in die graad 12-jaar toegelaat nie.

# Keuse ten opsigte van Engels: Home Language of First Additional Language

**Home Language (HL)**
- Counts 100 marks
- College/university entrance
- Very high level of proficiency
- Imagination, interpretation, excellent vocabulary

**First additional Language (FAL)**
- Counts 100 marks
- College/university entrance
- Emphasis on Functionality
- Understanding, interpretation, communication

**How to choose?**
- Learner's interest
- Learner's ability
- Use of subject in future/career
- Final grade 11 marks: for tertiary study application

**Guidelines for HL**
- At least 70% for English home language in Gr 9
- Base decision on academic facts and best future interest of learner

**The common ground is:**
- The academic weeks are the same for all language levels (36 weeks) though they differ in hours
- The same skills are required
- Written texts to be produced by learners are of the same kind
- Both HL and FAL provide admission to tertiary education

**The differences are:**
- In HL reading and writing are allocated more time
- In HL 3 genres are examined; in FAL only 2 genres
- In HL written texts to be produced by the learners are longer
- It is indeed a challenge to achieve an "A"-symbol in English HL

# Keuse ten opsigte van Wiskunde: Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid

## Wiskunde

- Wetenskap
- Abstrak
- Bevorder kritiese denke
- Sillabus baie vol en 'n vinnige tempo word vereis

*Wie behoort Wiskunde te neem?*

- Leerders wat bereid is om hard te werk
- Leerders wat gemotiveerd, gedetermineerd is
- Leerders wat 'n uithouvermoë het
- Leerders wat abstrak kan dink en redeneer
- Leerders wat belangrike konsepte kan aanleer, toepas en verstaan
- Leerders wat in gr. 9 nie minder as 60% in 'n toets of eksamen behaal het nie

## Wiskundige Geletterdheid

Wiskundige Geletterdheid is 'n opwindende vak wat die geleentheid bied vir leerders wat nie akademiese kwalifikasies in Wiskunde wil verwerf nie, maar eerder in kunste, regte, besigheid, onderwys en baie ander rigtings wil studeer. Die vak is Lewenswiskunde en sluit 'n wye verskeidenheid van velde in wat van toepassing is op alledaagse lewensituasies soos:

- FINANSIES: begrotings, tariefstelsels, beste bankrekeningopsies, inflasie, rente, huurkope en belasting.
- METING wat berekeninge van tyd, omtrek, oppervlak en volume insluit.
- VOORSTELLINGS VAN DIE FISIESE WêRELD insluitend kaartwerk, modelle en huisplanne.
- DATAHANTERING wat berekeninge van die basiese beginsels van statistiek insluit.
- WAARSKYNLIKHEID

# Natuurwetenskap

## Fisiese Wetenskap (FW)

- Voorheen Natuur-en Skeikunde genoem (Fisika en Chemie)
- Wiskunde as vak is 'n voorvereiste
- Geskik vir leerders wat weetgierig, akkuraat, krities en pligsgetrou is.

**INHOUD**

- Ondersoek fisiese en chemiese verskynsels.
- Begrip en toepassing van wetenskaplike wette, definisies en beginsels.
- Oplossing van probleme en skep van nuwe kennis.
- Ontwikkeling van wetenskaplike vaardighede.





## Lewenswetenskap (LW)

- Voorheen Biologie genoem
- Het nooit minder as 60% vir LW-toetse en -eksamens in gr. 9 behaal nie.
- Wiskunde as vak word sterk aanbeveel

Geskik vir leerders met die volgende eienskappe:

- Leergierig
- Selfdissipline
- Bereid om hard te werk
- Gemotiveerd
- Wil graag nuwe vaardighede aanleer
- Stel belang in 'n ware wetenskap

# Sosialewetenskap

## Geskiedenis



- Geskiedenis handel nie net oor die verlede nie. Dit leer ons ook waarom ons is wie ons is – en oor wat volgende gaan gebeur. Dit vul ander vakke soos ekonomie, geografie, kuns, drama en die tale aan.
- Gee perspektief op die wêreld en sy mense.
- Leer vaardighede wat jou in staat stel om te analiseer, objektief te wees, te redeneer, afleidings te maak en te vergelyk.
- Geskiedenis is 'n belangrike vak vir bv. Regte, Joernalistiek, Politiek en Toerisme.

*...alles het 'n verlede. Alles – 'n mens, 'n objek, 'n woord, alles. As jy die verlede nie ken nie, kan jy die hede nie verstaan nie en behoorlik vir die toekoms beplan nie. – C Potok, Davita's Harp*




## Geografie

- Geografie is 'n vak wat 'n verskeidenheid van vaardighede ontwikkel.
- Die vak is geesteswetenskap en natuurwetenskap van aard en bied dus 'n wye verskeidenheid beroepsopsies.
- Daar word op drie vlakke te werk gegaan in hierdie vak, naamlik waarneming, verklaring en interpretasie.
- Vaardighede wat deur die vak ontwikkel sluit data hantering, interptretasie, evaluasie en verslagskrywing in.
- Teorie sluit in klimatologie, geomorfologie, bevolkingsgeografie, ens.

**Wat kan ek als met geografie doen?**

- Stad- en streeksbeplanning of kartograaf
- Omgewingskonsultant of Rampbestuurder
- Grond- of Waterbewaring, Geomorfoloog of Klimatoloog
- Landmeter of Geografiese Inligtingstelsels
- Vlieënier of Meteoroloog

## Toerisme



*Die waarde van die vak lê daarin dat dit jou algemene kennis verbreed. Dit is beslis 'n aanbeveling vir diegene wat in 'n beroep gaan staan waar daar met mense gewerk word.*

WAARVAN LEER JY?

- Kaartwerk- en Toerbeplanning
- Buitelandsevaluta-verhandeling
- Toerismebesienswaardighede
- Kultuur- en Erfenistoerisme
- Bemarking
- Toerismesektore
- Volhoubare en Verantwoordelike Toerisme
- Binnelandse, Streeks- en Internasionale Toerisme
- Kommunikasie en Kliëntediens

## Verbruikerstudies



- Verbruikerstudies is 'n opwindende en skeppende vak waar jy jou kreatiwiteit kan uitleef.
- Die vak is gepas vir beide seuns en meisies

- Verbruikersopvoeding
- Finansiële bestuur
- Voedsel en Voeding
- Kleding en Tekstiele
- Behuising en Interieur
- Entrepeneurskap
- Praktiese komponent

- Geassosieerde beroepe: Bemarker, moedeontwerper, mode-aankoper, produkontwikkelaar, entrepeneur, chef ens.

# Inleiding tot Ingenieursgrafika en -Ontwerp

## Ingenieursgrafika en -Ontwerp (IGO)

- Basiese tekenbeginsels vir ALLE tegnologiese tekeninge
- Vryhandtekeninge
- Instrumenttekeninge
- Eerste- en derdehoekse ortografiese projeksies
- Beskrywende meetkunde en vaste liggame
- Meganiese werktekeninge
- Siviele werktekeninge
- Isometriese tekeninge
- Perspektieftekeninge
- Elektriese diagramme
- Deurdringings en ontwikkelinge
- Lokusse van helikse, nokke en meganismes
- Die ontwerpproses







# Leerders mag een of beide van die volgende rekenaarvakke neem.

## Rekenaartoepassings tegnologie (RTT)



- RTT vaardighede is in enige beroep van waarde en word al hoe meer vereis.
- Woordverwerking (MS Word) basies en gevorderd
- Sigbladprogram (MS Excel) basies en gevorderd
- Aanbiedingsprogram (MS PowerPoint) basies en gevorderd
- Databasisprogram (MS Access) basies en gevorderd
- HTML-Webbladontwerp
- Internetgebruik, navorsings- en ontledings-vaardighede
- Gebruik van die *Cloud*
- Teorie wat handel oor die gebruik van IKT en rekenaarstelsels
- Geïntegreerde toepassings van bogenoemde



## Inligtingstegnologie (IT)

*IT is die studie van al die verwante fisiese en nie-fisiese tegnologieë wat gebruik word tydens die vaslegging van data, die verwerking van data tot bruikbare inligting en die bestuur, aanbieding en verspreiding van data.*

- Hoe 'n rekenaar werk en inligting stoor
- Hoe om rekenaarsagteware met DELPHI te skryf
- Probleemoplossing met behulp van 'n rekenaar
- Data- en inligtingsbestuur
- Alle moontlike velde waar rekenaars gebruik word, van wetenskap tot ingenieurswese tot besigheid
- Leerders moet 'n aanlegtoets voltooi om IT te neem

# Leerders mag enige kombinasie van bestuurswetenskappe neem.

## Ekonomie



- Die silabes is op toepassing op die hededaagse ekonomiese situasie. Aspekte soos prysbepaling, bankwese, inflasie, vraag en aanbod en volhoubaarheid word aangespreek.
- Leerders word toegerus om werklik te verstaan hoe die wêreld om hulle werk.
- Ekonomie is in sy eenvoudigste vorm die studie van hoe geld die mens se optrede beïnvloed en 'n waardevolle vak vir leerders wat eendag die besigheidswêreld wil betree.



## Rekeningkunde

- Rekeningkunde fokus op veel meer op ontleding as die tradisionele boekstawing.
- Joernale, Grootboekrekeninge en BTW
- Slotrekeninge en Finansiële State
- Begrotings en interpretasie

## Besigheidstudies



- Besigheidsomgewings: sektore, omgewings, wetgewing, strategieë
- Besigheidsbedrywighede: gehalte, menslikehulpbronfunksie, alle sakefunksies
- Besigheidsgeleenthede: bestuur en leierskap, beleggings, versekering, ondernemingsvorme, aanbieding van besigheidsinligting
- Besigheidsrolle: Etiek en professionalisme, probleemoplossing en kreatiwiteit, korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid, korporatiewe maatskaplike investering, menseregte, inklusiwiteit, omgewingskwessies, spanne en konflik

# Daar is vier opsies vir Skeppende Kunste naamlik Visuele Kuns, Ontwerp, Drama en Musiek

## Visuele Kuns



- Daar is beide 'n praktiese en teoretiese komponent wat klem lê op die blootstelling en bemeestering van kunstegnieke, konsepontwikkeling en analise van kunswerke wat ‘n holistiese wêrelduitkyk bevorder.
- Studie- en beroepsmoontlikhede : Visuele Kuns gee die voorsprong vir enige studierigting na skool. Klem op kreatiewe probleemoplossing, empatie en intuïsie, innoverende denke en uitstekende tydsbestuur.
- Moet Kuns in graad 8 en 9 neem om in Gr.10 met Visuele Kuns voort te gaan.



## Ontwerpkuns

- Ontwerp is ‘n kreatiewe probleemoplossingsproses en sluit 'n praktiese en teoretiese komponent in.
- Ontwerp dra by tot lewenskwaliteit deur produkte te ontwerp wat ‘n doel het, wat funksioneel is, en wat estetiese waarde het.
- Dit moedig die leerders ook aan om vindingryk en ondernemend te wees en om strategies te dink
- Verskillende materiale, prosesse en tegnieke doeltreffend, ekonomies, veilig en verantwoordelik te kan verken en te gebruik.
- In Ontwerpteorie word ontwerpgeskiedenis, geletterdheid en volhoubaarheid ook behandel.

VIR JOU SUID-AFRIKA

## Musiek



- Musiek as vak word tydens skooltyd aangebied. Daar is agt periodes per siklus.
- Praktiese onderrig in een instrument word teen geen addisionele kostes onderrig deur: Me. M. Nel (klavier), Me. M. De Villiers (klavier/sang/blokfluit), Mnr. J Paige (sang), Dr. F. Malan en Me. K. Malan (blaasinstrumente).
- Leerders mag by privaatonderwysers onderrig ontvang en is self verantwoordelik vir kostes.
- Musiek is 'n keuringsvak - oudisies word in die vierde kwartaal afgelê.
- Musiek as ekstra vak - Praktiese- en teoretiese klasse word na ure aangebied teen ekstra koste.

| PRAKTIESE AFDELING | TEORETIESE AFDELING |
|---|---|
| Graad 10: Minimum graad 3<br>Graad 11: Minimum graad 4<br>Graad 12: Minimum graad 5 | Graad 10: graad 3 Unisa<br>Graad 11: graad 4 Unisa<br>Graad 12: graad 5 Unisa |
| | Algemene musiekkennis: Bestudeer verskillende style bv. Jazz/klassiek/ligte musiek/afrikaanse musiek.<br>Take: improvisasie/verwerking of komposisie |



## Drama

- 'n Sosiale kunsvorm wat visuele, ouditiewe en fisieke opvoeringselemente integreer.
- Bevorder selfvertroue, kreatiwiteit, probleem-oplossing, konflikhantering & kommunikasie
- Teorie & Prakties (neem toe na graad 9)
- Keuring vind plaas d.m.v. oudisies

# Daar is twee opsies vir addisionele tale naamlik Duits en isiXhosa

## Duits



- Leerders wat Duits vanaf graad 10 wil neem moes reeds die taal as vak in graad 8/9 gehad het.
- Vakkeuses is onderhewig aan getalle, dus moet daar genoeg leerders wees om 'n vak soos Duits aan te bied.
- Leerders word onderrig in al die aspekte van taal: lees, skryf, praat, begrip.
- Duits is die mees gesproke Inheemse taal in Europa en verskaf 'n mededingende voordeel in loopbaankeuses. Immigrasie na Duitsland is baie makliker as jy duits kan praat
- Daar is bestaande Uitruilprogramme tussen skole in Duitsland en DF Malan
- Vir Afrikaans sprekendes is Duits makliker om te leer as enige ander derde taal.



## isiXhosa

- Leer om Xhosa te praat en help jouself effektief by die vulstasie, restaurant, supermark en sommer net op straat.
- Bevorder wedersydse respek en nasietrots deur te kommunikeer oor kultuurgrense heen.
- Verdiep vriendskapsbande, versterk sosiale en professionele verhoudings.
- Voorvereistes: Graad 8 en 9 Xhosa
- Leer Xhosa vandag! Fundani ukuthetha isiXhosa namhlanje!